

September 2012

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Daar is heelwat terugvoering ná verlede maand se brief. Baie strate in Pretoria se name is nou verander maar ek wonder of ons ooit sal leer hoe om die name korrek te spel. Selfs die stadsraad het glo foute op hul naamborde.

Van: Marike Brown

Functional Head: Toponomy

Department City Planning | Room 10 001 | Isivuno Building
| 143 Lilian Ngoyi Street Pretoria

Dankie vir die inligting soos ontvang op die Augustus Pretoria Brief.

Neem net asseblief kennis dat die spelling van die naam Justice Mohammed moet eintlik wees Justice Mahomed.

So ook is die spelling van E'skia Mphahlele verkeerd, die afkappingsteken moet net na die 's' wees en nie na die 'e' nie. Moet lees Es'kia.

Die Hendrik Verwoerd verwys na die straat wat eintlik HF Verwoerd is en parallel loop met die ou Voortrekkersweg.

Van: Pieter Swanepoel

Dis seker nie reg nie!!

The Dutch queen, Queen Wilhelmina (See Queen Wilhelmina Road) placed the ship 'Gelderland' at the disposal of Pres Kruger, on which he travelled into exile from Lourenco Marques (Maputo) on 21 October 1900. He died in exile in Clarens in Switzerland on **14 July 1984** and was given a state funeral in Pretoria's heroes' acre (Afrikaans: "Helder Akker") in the Church Street cemetery in December 1904.

[Dit moet wees 14 Julie 1904 – Rosa]

Van: Rdl Danie Erasmus

Dankie weereens vir baie nuttige inligting.

Net 'n regstelling. Ek vermaan die ANC dikwels oor die spelfoute wat as raadsbesluite bekragtig word. So het ek die ANC daarop gewys dat die korrekte benaming is Frances Baard en nie Francis Baard nie. So het die naamborde verryms met 'n lekker spelfout wat nie met 'n skeermes verander kan word nie. Die stoppel sit nou daar!

Van Jeanette C Clemmens

Net verdere inligting oor Michael Brink (soos in my boek vervat), ek sien jy bespreek/noem net die **park**, volgens die koerant is die **straatnaam** ook verander (?).


Johannes Michael van Helsdingen BRINK 1858-1957.06.09 68 × Ella Maud Isabel DARGON 1889.07.08-1960.11.26 trou 1911.03.04

Daar is strate "Michael Brink" en "Ella" in Pretoria, Michael Brink was LUK, 'n park wat "Kruger-park" genoem is, is ook na "Michael Brink-park" verander.

Daar word vermoed die "Ella" straat is dalk na hierdie Ella vernoem, of 'n BODEL se vrou (sien bl 217 in Tom Andrews se boek oor Pta straatname).

Hier is nog een van die reeks foto's wat in 1887/88 in die Pretoria News verskyn het. Vandag loop die nuwe Gautrain-brug ook daar verby. Dit behoort vreeslik interessant te wees as mens vandag nog foto's kan neem en die reeks verder uitbrei.

2. Pretoria gister en vandaag [Pretoria News 1988-01-29]



Fountains Bridge


Many a train, carrying passengers and goods, crossed this bridge (picture above) at the Fountains Valley to the Eastern Transvaal coalfields and Lourenco Marques (now Maputo).

The railway line from Pretoria to Komatiport and Delagoa-baai was started in 1893. The line was run by the Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatskappij (NZASM), and opened in 1895.

Close to the western base of this bridge was Pretoria's earliest Begraafplaas (town cemetery). In later years the area was known as Du Preez Hoek and sported an archery range.

In the picture below, part of the old bridge (which is not shown in the earlier picture and which withstood attacks by demolishers) can be seen, as well as the new concrete railway bridge now over the road to the Fountains Circle.

(Pretoriana Picture submitted by Tom Andrews of Douglas Street, Colbyn. Text by staff writer Daan de Beer).



[Die korrekte naam van die ou brug is die Apiesrivierbrug, of alternatiewelik, die Elandspoortbrug. Sien bl. 144 in "NZASM 100: The Buildings, Steam Engines and Structures of the Netherlands South African Railway Company" deur R.C. de Jong, G-M. van der Waal en D.H. Heydenrych.]

Onderstaande foto kom uit die versameling van die Staatsargiewe [tab 420]. Die oopskrif van die foto is "Spoorbrug van die NZASM, Pretoria". Daar is ongelukkig geen datum by die foto nie. Ek dink dit is dieselfde brug. [Onseker - hierdie brug lyk na 'n brug op die Delagoabaai-lyn naby Barberton in Mpumalanga.]



Groete tot volgend maand, Rosa Swanepoel